A 3.2 MISSIONALE DIAKONAAT

1. AGTERGROND

1.1 ALGEMENE SINODE 2011 SE VERSOEK EN OPVOLGAKSIES

Die Algemene Sinode van 2011 het verskeie besluite oor armoede en sosiale ongeregtigheid geneem, o.a. dat die Algemene Sinode "besluit dat die stryd teen armoede en sosiale ongeregtigheid 'n hoë prioriteit op die kerk se agenda moet wees en versoek die Moderamen om as 'n saak van dringendheid riglyne aan gemeentes, ringe en sinodes te gee oor hoe die kerk verder by hierdie stryd betrokke kan wees".

Om uitvoering aan dié en ander besluite in die verband te gee het die Moderamen in Maart 2012 'n taakspan aangestel om sulke riglyne te ontwikkel. Dié riglyne is vervat in die verslag "Riglyne vir die stryd teen armoede en sosiale ongeregtigheid" wat by die Algemene Sinode in 2013 gedien het.

Verskeie inisiatiewe het daarop gevolg, onder andere die DiacAfric konferensies waarin die teologiese begronding van missionale diakonaat bespreek is. In al hierdie inisiatiewe en dokumente is die belangrikheid van vroeëkindontwikkeling (VKO) keer op keer benadruk.

1.2 DIE 2016 GESPREK MET EKONOME

In die gesprek oor "Die NG Kerk en die ekonomiese ontwikkeling van ons lande" tussen agt kundiges en lede van die moderatuur by Sanlam in Sandton op 15 Augustus 2016, is die uitgangspunt duidelik gestel dat daar wye erkenning is dat die NG Kerk deur die loop van die vorige eeu 'n baie beduidende rol gespeel het in die ondersteuning en hulp aan armes. Saam met vennote en agentskappe van die staat is welsynsdienste gelewer reg oor die breë spektrum van die Suider Afrikaanse samelewing. Die NG Kerk en die Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider Afrika (VGKSA) lewer steeds jaarliks welsynsdienste aan meer as 'n miljoen mense teen 'n koste van meer as 'n miljard rand. Die ekonome benadruk dit egter dat die kerk dit nie meer alleen kan doen nie en pleit dat die kerk ekumenies en in samewerking met vennote uit die privaatsektor vorentoe moet gaan.

Leraars wat die gesprek bygewoon het, het veral 'n fokus op vroeëkindontwikkeling bepleit en gewys daarop dat die kerk oor baie kundiges en fasiliteite in die verband beskik.

1.3 DIE NG KERK SE BETROKKENHEID IN DIE STRYD TEEN ARMOEDE

1..3.1 In 2013 het die Hugenote Kollege se verslag oor gemeentes van die NG Kerk se betrokkenheid by die stryd teen armoede en maatskaplike ongeregtigheid by die Algemene Sinode gedien. Die navorsing lig o.a. die volgende resultate uit:

- Die oorgrote meerderheid van gemeentes in die steekproef (98%) is betrokke by die nood van lidmate en nie-lidmate, meestal by persone in finansiële nood, bejaardes, kinders, enkelouers en siekes.

- Die aktiwiteite van gemeentes in die stryd teen armoede kan in twee groepe verdeel word nl. **armoede verligting** en **armoede bestryding** met die klem op die ontwikkeling van mense en gemeenskappe. So, bv., is 69.4% van gemeentes betrokke by voedsel voorsiening aan behoeftige mense uit alle dele van die bevolking.

  Baie van die projekte is ad hoc en kort termyn van aard. Die verslag lê veral klem op die benadering dat deelname aan ekumeniese vennootskappe en gemeenskapsnetwerke, gemeentes se betrokkenheid in die stryd teen armoede, werkloosheid en ongeregtigheid verhoog.

1.3.2 PREDIKANTEPANEEL 2017

Navorsing wat in 2017 onder 'n verteenwoordigende steekproef van NG Kerk predikante gemaak is, toon die volgende ten opsigte van persepsies en betrokkenheid:

Predikante se persepsie is dat die volgende hoofredes bestaan vir die groot gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika: onvoldoende ekonomiese ontwikkeling (94%), dat die staat hulle plig versuim om mense te ontwikkel (95%) en die oneffektiewe onderwysstelsel (81%).

Dit is opmerklik dat 97% van predikante sê: "*Ek wil armoede help bestry*". 0% predikante meen dat hulle niks hoef te doen om armoede te bestry nie. Die wil om 'n verskil te maak blyk besonders hoog te wees onder predikante en dit is 'n sterk aanduiding dat die Algemene Sinode met baie positiewe energie sal werk in hul projek om die groot gaping tussen rykdom en armoede aan te spreek.

Gemeentes blyk veral betrokke te wees by:

- Liefdadigheidsprojekte (91%),
- skenk geld aan armoedeverligting projekte (85%),
- help arm mense finansieël (69%) en
- ontwikkelingsprojekte (67%).

Slegs 1% meen dat die gemeente niks hoef te doen om armoede te help bestry nie. Daar is dus 'n hoë vlak van verbintenis onder predikante tot hierdie saak.

1.4 DIE MISSIONALE DIAKONAAT TAAKSPAN EN VROEËKINDONTWIKKELING

In al bg. inisiatiewe en opvolgaksies is die belangrikheid van vroëkin ontwikkeling (VKO) as 'n kritiese element in die armoede bestryding-benadering beklemtoon. Die verdere hantering van VKO is aangewys aan die missionale diakonaat (MD) taakspan. Om kostes te bespaar is vergaderings van lg. so gereël dat dit saamgeval het met vergaderings van die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR). Daar was ook 'n groot mate van oorvleueling tussen die KMDR se aktiwiteite en dié van die MD taakspan, met dieselfde persone op die twee inisiatiewe se taakspanne. Die taakspan het vervolgens die UKUBA VKO inisiatief geloods, en verskeie werkswinkels in die verband gehou. Sterk ondersteuning vanaf die KMDR se strukture in veral die noordelike sinodes het meegebring dat UKUBA VKO projekte in verskeie sinodes gevestig is.

1.5 MISSIONALE DIAKONAAT TAAKSPAN 2017

In Augustus 2017 bevestig en verfyn die ASM die opdrag aan die taakspan vir missionale diakonaat as volg:

1. Doen verdere navorsing in samewerking met die PSD Teologiese Navorsing oor kerklike intervensies ten opsigte van onderwys en VKO.

2. Ontwikkel materiaal wat kerkrade kan gebruik om lidmate op te lei om deur verbeeldingryke projekte en netwerke 'n verskil te maak aan onderwys en VKO.

3. Versoek Bybel Media om deel te neem aan hierdie projek.

Die opdrag bring 'n besinning oor die effektiwiteit van die taakspan se samestelling en daar word besluit op die hersamestelling van 'n missionale diakonaat taakspan.

Die vernaamste oorweging vir die besluit om die taakspan uit te brei was om die belangrikheid van VKO te ondersteun op gemeente vlak. Daar was veral 'n bekommernis dat sommige sinodes en gemeentes nie inkoop in die kerk se rol in VKO nie. In te veel gevalle is dit eenvoudig gesien as die verantwoordelikheid van die CMR of ander welsynsorganisasies.

Die taakspan het dus verteenwoordigers uit elke sinode, as volg:
Elize Bezuidenhout – Oostelike Sinode
Anso Steyn – Vrystaat
Christo Stumke – Oos Kaap
Grant du Plessis – Goudland
Willie van der Merwe – Hugenote Kollege (as verteenwoordiger van die KMDR)
Johan Botha – Hoëveld

Rupert de Koning – KwazuluNatal
Amanda Kruger – Namibië
Fanus Henning – Noord Kaap
Marinda van Niekerk – Noordelike Sinode
Nioma Venter – Wes Kaap
Lourens Bosman – AS

Die hersaamgestelde taakspan se eerste vergadering in 2018 het grootliks gefokus daarop om die span ingelig te kry oor die verloop van die vorige MD taakspan se aktiwiteite en die pad vorentoe.

2. WAT HOOR ONS UIT DIE WOORD?

Tydens die byeenkomste van die taakspan het ons aan twee Bybeltekste aandag gegee wat vorm gee aan werk. Ons wil versoek dat die sinode saam nadink oor die betekenis van hierdie gedeelte:

Jesaja 58:1-12
[1]Die Here sê: Roep uit volle bors, moet niks verswyg nie!
Laat jou stem hoor, duidelik soos 'n ramshoring!
Wys my volk op hulle oortredinge, die afstammelinge van Jakob
op hulle sondes.
[2]Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag.
Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is
en hom aan die bepalings van sy God hou.
Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou.
[3]Hulle vra: "Waarom vas ons, maar U sien dit nie,
verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?"

Dit is omdat julle op die vasdae doen wat julle wil
en die mense wat vir julle werk, nog harder laat werk.
[4]Julle vasdae loop uit op twis en rusie,
julle dam mekaar met die vuis by.
Julle kan nie op hierdie manier vas en dan verwag dat julle gebed verhoor sal word in die hemel nie.
[5]Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê:
net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit?
Noem jy dít 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou?

[6]Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie:
om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry,
om die juk wat op mense druk, af te haal,
om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek?
[7]Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie,
dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie,
dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie,
dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie

[11]Die Here sal jou altyd deur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien.
Hy sal jou sterk maak.
Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.
[12]Jou mense sal die ou puinhope herbou, die fondamente herstel wat al geslagte lank bestaan.
Jy sal bekend staan as 'n volk wat sy afgebreekte mure herbou,
wat sy strate herstel sodat daar weer mense kan woon.

Agtergrond: Hierdie gedeelte is in die derde deel van Jesaja wat afspeel nadat die volk uit ballingskap terugkeer na Jerusalem. Dit gaan egter nie goed nie. Die toestande in Jerusalem weerspieël glad nie die Here se opdrag om reg te doen aan alle mense nie. Die ballinge wat teruggekeer het, het reeds God se genade ervaar. Op dié genade het hulle gereageer deur onreg te pleeg. Daarom rus die oordeel van God

op hulle. Die pad na genesing lê in terugkeer na God. Dan sal God die verbondsverhouding tussen Hom en sy volk herstel. Die volk het weer in 'n doodloopstraat beland. Daar is onreg by die leiers en by die volk (56:9–57:13). Jesaja III dui vir hulle die pad na genesing (57:14–21) aan. Uiteindelik sal gehoorsaamheid lei tot redding (58:1–59:21).

- Wat in hierdie teks ontwrig jou en wat troos jou?
- Wat sê dit oor voorspoed, teenspoed en onreg?
- Wat sê oor die gevare van godsdienstigheid?
- Wat sê dit oor ons roeping in SA?
- Wat sê dit daaroor dat gelowiges "aantreklik anders" moet wees?

3. VOLGEHOUE UITDAGINGS

Om die kerk en ander rolspelers se deelname aan die aanspreek van die kritiese huidige vlak en omvang van armoede en sosiale ongeregtigheid in die land meer effektief te maak, is steeds 'n baie groot en dringende uitdaging.

Onlangse amptelike statistiek wys op die vlakke van armoede en sosiale ongeregtigheid. Volgens Statistiek SA het die werkloosheid vlakke in Suid Afrika van 3% in 1994 tot 25% in 2014 gestyg (met die amptelike werkloosheid statistiek veel hoër in 2018) – die agste hoogste werkloosheid syfer in die wêreld. Hierdie statistiek is in werklikheid heelwat hoër as mens diegene wat opgehou het soek na werk sou byvoeg. In Mei 2016 kry 16,9 miljoen Suid Afrikaners staatstoelaes van die staat, en meer onlangse inligting verwys na die groei in die persentasie huishoudings wat ten minste een staatstoelaag kry van 30,8% in 2003 na 44,3% in 2018.

Die uitdagings van kinders wat nie skoolgereed is nie, word ook steeds groter. Die bywoning van kinders van 0-4 jaar van verskeie versorgings en VKO inisiatiewe, is steeds kommerwekkend laag. Op nasionale vlak het 49,2% kinders van hierdie ouderdom tuis gebly (of is daar versorgin) in 2016 en het slegs 38,4% formele VKO fasiliteite bygewoon. Byna die helfte (46,8%) van kinder 0-4 jaar het ook nooit 'n ouer of versorger gehad wat vir hulle 'n boek gelees of iets geteken het nie.

In sy "State of the Nation Address" van Junie 2019 wys die president, Mnr. Ramaphosa ook op die uitdagings in die verband en maak tereg die aanmerking dat die staat alleen nie die uitdagings kan hanteer nie. Alle rolspelers, ook die kerk, moet saam hieraan werk.

TAFELGESPREKKE

Vraag: Wat help en wat hinder sinodes en gemeentes om betrokke te raak by armoede verligting en bestryding?

4. VROEËKINDONTWIKKELING (VKO) IN GEMEENTE VERBAND

Voortvloeiend uit die besinnings oor die rol van die kerk in die verligting en bestryding van armoede, is die kritiese belangrikheid van VKO keer op keer op die voorgrond getrek.

Die AS se opdrag dat verdere navorsing gedoen moet word oor die rol van die kerk, is geïmplementeer en tydens die vergadering van die taakspan in Mei 2019 dien die verslag van Pieter van der Walt (PSD Teologiese Navorsing) oor "Hoe gemeentes in die NG Kerk in Suid-Afrika betrokke is of betrokke kan raak in VKO". Die resultate van dié navorsing en die "Kerkspieël" inligting van dieselfde tydperk wys op die feit dat die inisiatiewe binne die kerk om by VKO betrokke te raak, uit alle oorde kom.

Daar word 'n aantal belangrike sake uitgelig in hierdie verslag:

- Die inisiatief in gemeentes om by VKO betrokke te raak, kom vanuit alle oorde, maar meestal is dit individuele lidmate wat daarby betrokke bly, nie die Kerkraad nie.
- Byna 80% van die gemeentes sien VKO as deel van die kerk se volgehoue stryd teen armoede en ongeregtigheid.
- Gemeentes se VKO projekte is meestal nie op die gemeentes se eie kinders afgestem nie en gemeentes doen dit ook nie om hulle eie fondse aan te vul nie
- Alhoewel daar redelike instemming is dat die uitdagings om 'n VKO bediening te vestig in gemeentes en sinodes vir samewerking vra, werk 70% van die gemeentes nie saam met die maatskaplike dienste, privaatsektor instansies of ander gemeentes nie.

Kerkspieël het 'n verdere ernstige remmende faktor uitgewys nl. die groeiende tendens van gemeentes wat sukkel om te oorleef. So, bv. is daar gemeentes wat net besig is met oorlewing (52%), of krimpende of sterwende gemeentes waar finansiële tekorte 'n ernstige bedreiging is vir die voortbestaan van die gemeente (11%). Dieselfde opnames benadruk egter dat byna 80% van gemeentes saamstem dat VKO 'n belangrike deel is van die kerk se volgehoue stryd teen armoede en ongeregtigheid. Daar is, volgens al die studies, 'n hoë mate van insig / verstaan / gewilligheid van kerkleiers om by VKO betrokke te raak, maar soms 'n onkunde oor die pragmatiese benadering hiervan.

5. GEMEENTES EN MAATSKAPLIKE DIENSTE

Oor 'n lang tydperk het die professionalisering van maatskaplike werk veroorsaak dat 'n kloof ontstaan het tussen maatskaplike werkers en gemeentes. Hierdie onbedoelde gevolg het baie negatiewe implikasies, ook wat VKO betref. Daar is breë konsensus dat hierdie gaping oorbrug moet word en in die Verklaring van Voorneme (2019) van die KMDR word duidelik verklaar dat die KMDR as netwerk van sinodale maatskaplike diensorganisasies 'n belangrike vennoot en agent vir die kerk in VKO is.

6. MODELLE EN NETWERKE

Al hierdie inisiatiewe van die MD taakgroep het gekulmineer in 'n werkswinkel in **Oktober 2018** (by die Lumko-konferensie sentrum) wat bygewoon is deur die lede van die taakspan, asook verteenwoordigers van privaatsektor VKO programme en inisiatiewe op gemeente vlak wat as voorbeelde van verskeie benaderings kon dien. Die werkswinkel het die volgende uitgangspunte gehad:

- VKO is steeds in lyn met die opdrag van die Algemene Sinode van 2013 om strategieë te ondersoek wat gemeentes in staat sal stel om by die volgehoue stryd teen armoede en sosiale ongeregtigheid betrokke te raak.

- VKO pas besonder goed binne die groter beweging van missionaliteit in die kerk. Dit bied 'n konkrete beweging waardeur missionaliteit realiseer.

'n Verdere fokus van die werkswinkel was die sterk opinie in van die taakspan lede dat gemeentes beswaarlik 'n "diens-verskaffingsrol" t.o.v. gestruktureerde VKO projekte kan speel sonder vennootskappe met kundigheid uit die nie regerings organisasie (NGO) sektor en die KMDR netwerke nie.

'n Wye verskeidenheid van bestaande VKO inisiatiewe is bespreek om verskillende modelle en benaderings te illustreer. Inspirerende bydraes is gelewer deur Common Good, SmartStart, Nal'ibali, PEN, Helplift en Societas as voorbeelde van samewerking met diensverskaffers. Die VKO projekte in die Noord Kaap (Hopetown en Caritas), Brixton (saam met Tutela) en Wes Kaap (met Diaconia) is ook bespreek.

Die taakspan het die volgende oorhoofse gevolgtrekkings gemaak na die werkswinkel.

- Daar is geen twyfel dat die rol en potensiaal van die kerk om as agent vir VKO te dien vanuit 'n sosiale ontwikkelingsperspektief, sowel as teologiese perspektief, ondersteun kan word nie.

- Die kerk beskik oor besondere bates (‘*assets*’) wat die saak van VKO kan dien, maar moet die potensiaal raaksien in hoe hierdie bates aangewend kan word.

- Tyd en toewyding speel ‘n besonders belangrike rol in die kerk en gemeentes se betrokkenheid by VKO. Die Noord Kaap rapporteer byvoorbeeld na agt jaar se toewyding, dat klein treetjies gegee is in die rigting van sukses, maar dat die deursettingsvermoë vrug begin afwerp.

- Net soos in die breër konteks, blyk dit dat ook in die NGK die aard van betrokkenheid baie wissel. Die behoefte bestaan dat kerklike betrokkenheid by VKO op ‘n meer verfynde basis nagevors sal word.

- Daar is ‘n sterk oortuiging dat ‘n sosiale beweging in die NGK alleenlik gestimuleer sal word as daar ‘n sterk katalisering rol vanaf ‘n sentrale punt gespeel sal word. Die kerklike gemeenskap in geheel moet meer effektief deur goeie kommunikasie en in staat stellende kennis en inligting bereik word.

Die belangrikheid van ‘n deeglike besinning van konteks binne sinode en gemeente verband, is ook herhaaldelik op die werkswinkel beklemtoon. Voorbeelde van verskillende modelle wat reeds bestaan (binne gegewe kontekste) is ter tafel gelê op die werkswinkel, en kan in twee hoofgroepe saamgevat word, nl:

- Die vestiging van en/of ondersteuning van VKO sentrums. Voorbeelde wat behandel is was dié in die Noord Kaap, Brixton (Gauteng) en die Wes Kaap. Kundige begeleiding word verstrek deur samewerking bv. met Caritas (Noord Kaap), SmartStart en Nal’ibali.

- Die daarstelling van speelgroepies (minder as ses kinders per versorger). Voorbeelde wat dien is die werk van bv. PEN.

Die deelnemers het ook besin oor die uitdagings van finansiële volhoubaarheid van die verskillende inisiatiewe. Die uitdaging om veral die kleiner, speelgroep inisiatiewe ‘n goeie, effektiewe ontwikkelings omgewing vir jong kinders te maak, is aangeraak.

7. DIE SUB-TAAKGROEP

Die MD taakspan het na die bg werkswinkel geoordeel dat ‘n kleiner groep van die lede moet besin oor die pad vorentoe, en veral om bestaande inisiatiewe tot hulp te kom, beide binne die NG Kerk en sy ekumeniese vennote.

Die groep het twee keer reeds bymekaar gekom, en het veral gefokus op die mees effektiewe manier om bestaande inisiatiewe tot hulp te kom, beide binne die NG Kerk en sy ekumeniese vennote. Societas (‘n bestaande nie-winsgewende entiteit) is oorweeg as ‘n moontlike voertuig vir so ‘n inisiatief.

TAFELGESPREKKE

Vraag: Hoe sien julle die kerk se rol in VKO?

8. DIE PAD VORENTOE

8.1 VROEËKINDONTWIKKELING

Die taakspan Missionale Diakonaat sien sy eie taak as baie duidelik afgestem op die bevordering van VKO deur die werk van die NG Kerk. Hiervoor moet sinodes ondersteun en versterk word.

Ons oordeel die manier waarop die taakspan die werk van VKO moet voortsit, deur die bestaande strukture van sinodes en verteenwoordigers is. Die Taakspan Missionale Diakonaat het nou eers aan die gang gekom en moet nog sy werkswyse vestig. Dit is vir belangrik om kundigheid binne die kerk te ontgin en om hoë vlakke van eienaarskap by gemeentes en sinodes te vestig.

Dit is duidelik dat daar baie groot verskille tussen die sinodes is ten opsigte van insig in die belang van VKO, die rol wat die kerk kan speel, die ontwikkeling en vestiging van ‘n VKO strategie, betrokkenheid van gemeentes, die ontginning van bronne en die ontwikkeling van grondvlak kundigheid.

Uit die terugvoer van die sinodale verteenwoordigers het dit duidelik geblyk dat daar talle groeipyne en struikelblokke is wat sinodes en gemeentes beleef in die ontwikkeling en implementering van ‘n VKO strategie. Dit raak sake soos motivering, haalbare modelle, die verhouding met die staat, finansiering en volhoubaarheid. Die taakspan kan ‘n belangrike rol speel as ‘n plek waar kundigheid ontwikkel en gedeel word.

Een van die prioriteite is om navorsing oor die stand van VKO in die land te doen: waar is daar rooi gebiede waar daar nie VKO plaasvind nie? Ons is geroep om betrokke te raak in gebiede en by kinders wat tans nie toegang tot VKO het nie.

Ons sal in sinodes die gesprek moet voer oor ons roeping en verantwoordelikheid in die gemeenskap. Hierdie gesprekke is nodig vóór VKO inisiatiewe kan plaasvind. Dit is ‘n teologiese gesprek wat ‘n kultuurskuif kan begin. Hierdie kultuurskuif gaan oor ‘n nuwe besef van waarmee die Here in Suider-Afrika besig is en dit neem mense oor grense. Die pad is langer as om dadelik ‘n VKO-netwerk te vestig wat werk op die grond inisieer.

Die voortgesette taak van die taakspan is om eerstens om die strategie vraag te vra: hoe vat ons VKO op ‘n breë basis na die sinodes? Die wyse waarop dit na gemeentes gaan, is die werk van die streeksinodes. Ons werk is om ‘n in staat stellende ruimte te skep.

Sinodesittings is te groot om gesprekke wat op VKO toegespits is, te voer. Sommige sinodes (GL en KZN) voer met sukses hierdie gesprekke in streeksringe of gesamentlike ringsbyeenkomste. Lede van die taakspan kan ‘n groot rol speel om hierdie gesprekke aan die gang te kry en te fasiliteer.

Ons dink dat bestaande en ander netwerke wat tot stand kan kom (soos Societas) ‘n bron van hulp kan wees en wil graag moontlikhede ondersoek om saam op reis te bly. Ons moet egter van die begin daarop bedag wees om nie die fout maak dat VKO uiteindelik, soos met die KMDR-vennote, langs of selfs teenoor die kerk te staan kom nie.

Die hele VKO-bedryf tans werk op ‘n evolusionêre basis, en ‘n VKO-sentrum is nie noodwendig gelyk aan ‘n kleuterskool nie. Daar is verskillende vlakke van VKO inisiatiewe en maniere hoe dit gedoen kan word. Die taakspan kan ‘n belangrike diens aan die kerk lewer deur die verskillende benaderings en opsies te karteer.

Ons moet ook dink oor die belyning van die ander taakspanne van die Algemene Sinode. Hoe kan ons ten opsigte VKO handevat? Ons dink hier byvoorbeeld aan samewerking met die Taakspan Vrouelidmate.

8.2 KERK EN KMDR

Ons sal verder moet praat oor die verskillende modelle waarvolgens die samewerking tussen KMDR-lidorganisasies en NGK funksioneer. Die kwessie is hoe ons beter met mekaar kan belyn tov die werk van die NGK en Maatskaplike Dienste.

- Ons deel die visie van ‘n missionale kerk soos in KO art 2 verwoord.

- Daar is ‘n institusionele beweging en leierskap aan die gang om die verhouding tussen die NGK en KMDR-lidorganisasies te beskryf en die bande nouer te maak. Hierdie leierskap en ooreenkomste moet gedokumenteer word.
- Daar is ook organiese prosesse aan die gang en dit is nodig waar gemeentes en sinodes nouer met die plaaslike maatskaplike dienste saamwerk met inagneming en erkenning van elk se unieke bydrae.
- Is daar ook vakkundig ‘n interdissiplinêre benadering moontlik en moet dit ontwikkel word? Hierdie is akademiese en professionele ontwikkelingswerk wat gaan oor die inhoude van, benaderings tot en spiritualiteit van maatskaplike werk. Wat maak dit “Christelik”? Daar word reeds internasionaal baie werk hieroor gedoen, veral tov die spiritualiteit van die maatskaplike werker, die ontvanger van die diens en die spiritualiteit van die organisasie.

8.3 ANDER OF NUWE GELEENTHEDE OM GOD SE BARMHARTIGHEID VIR DIE WÊRELD TE WYS.

- Ons is bewus daarvan dat VKO en die lewering van professionele maatskaplike dienste nie die enigste geleenthede is om die reuse problematiek van armoede in die lande van Suider Afrika aan te spreek nie. Soos blyk uit die Predikantepaneel 2017 navorsing, is gemeentes is op ‘n magdom ander maniere betrokke in die voortgesette stryd teen armoede en ongeregtigheid. Ons oordeel dat die kerk ook aan die volgende sake aandag kan skenk:
- Lees en skryf-klasse
- Ontwikkeling van entrepeneursvaardighede.
- Ekologie
- Aandag aan vaderskap. Meer as 60% van geboortes in SA word tans geregistreer sonder aanduiding van die biologiese vader.
- Ander plekke in onderwys waar die kerk betrokke kan raak, byv die gereedmaak van matrikulante vir die eindeksamen. Tans is daar ‘n beweging wat onderwysers toelaat om vroeër af te tree en ons behoort te vra hoe kan die kerk hierdie mense se kundigheid benut ter wille van die kinders van Suider Afrika?
- Hoe kan ons onderwysers wat reeds wyer as die skool by ander gemeenskappe betrokke is, bemoedig en versterk en hulle bydrae erken? Hierdie mense leef die missionale roeping van die kerk uit.

Die taakspan sou ook wou kyk na die moontlikheid om, in samewerking met die Kerkbode, ‘n platform te skep waar die werk wat reeds gedoen word, erken en gevier word.